SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

Kennisgewing van verlore of gesteelde lisensies, permitte sertifikate en magtigings

INSTRUKSIES: KENNISGEWING VAN VERLORE OF GESTEELDE LISENSIES, PERMITTE SERTIFIKATE EN MAGTIGINGS

ALGEMENE INSTRUKSIES

- 'n Kennisgewing van verlore of gesteelde lisensies, permitte, sertifikate en magtigings moet in onuitwisbare swart ink ingevul word.
- Die aansoek moet gestempel word met die amptelike datumstempel van die polisiestasie waar die aansoek ontvang is.

- 'n Persoon is skuldig aan 'n oortreding ingevolge die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet No 60 van 2000) indien hy/sy enige inligting wat hy/sy weet vals is op hierdie kennisgewingsvorm verstrek.

AFDELING A: VIR AMPTELIKE GEBRUIK DEUR DIE POLISIESTASIE WAAR DIE KENNISGEWING VASGELê WORD

1. Kennisgewingverwysingsnommer

Die verwysingsnommer wat die stelsel vir die kennisgewing genereer nadat dit op rekenaar vasgelê is (byvoorbeeld, N12945), moet in paragraaf A 1 aangeteken word.

AFDELING B: VIR AMPTELIKE GEBRUIK DEUR DIE POLISIESTASIE WAAR DIE KENNISGEWING ONTVANG IS

1. Provinsie

Die naam van die provinsie waar die polisiestasie geleë is (byvoor-beeld, Gauteng), moet in paragraaf B 1 aangeteken word.

2. Area

Die naam van die area waar die polisiestasie geleë is (byvoorbeeld, Pretoria), moet in paragraaf B 2 aangeteken word.

3. Polisiestasie

Die naam van die polisiestasie waar die kennisgewing ontvang is (byvoorbeeld, Brooklyn), moet in paragraaf B 3 aangeteken word.

4. Komponentkode

Die komponentkode van die polisiestasie waar die kennisgewing ontvang is (byvoorbeeld, 47), moet in paragraaf B 4 aangeteken word.

5. Nommer in register vir algemene vuurwapentransaksies

Die jaarlikse reeksnommer in die register vir algemene vuurwapentransaksies wat aan die kennisgewing toegeken word (byvoorbeeld, 135/2002), moet in paragraaf B 5 aangeteken word.

AFDELING C: TIPE LISENSIE, PERMIT, SERTIFIKAAT OF MAGTIGING (Merk met 'n X)

Die tipe lisensie, permit, sertifikaat of magtiging wat verloor/gesteel is, moet met 'n X in paragraaf C 1, 2, 3, 4, 5 of 6 gemerk word, byvoorbeeld:

7. BESONDERHEDE VAN OORSPRONKLIKE LISENSIE, PERMIT, SERTIFIKAAT OF MAGTIGING

Die toepaslike besonderhede van die lisensie, datum van uitreiking, en vervaldatum, moet in paragraaf C 7 aangeteken word.

8. BESONDERHEDE VAN VUURWAPEN(S)

In geval van 'n lisensie of tydelike magtiging om 'n vuurwapen te besit, moet die besonderhede van die vuurwapen(s) voorsien word.

8.1 Tipe

Die tipe vuurwapen moet in paragraaf C 8.1 aangeteken word.

8.2 Kaliber

Die vuurwapen se kaliber moet in paragraaf C 8.2 aangeteken word.

8.3 Fabrikaat

Die fabrikaat van die vuurwapen moet in paragraaf C 8.3 aangeteken word.

8.4 Model

Die model van die vuurwapen moet in paragraaf C 8.4 aangeteken word.

8.5 Reeksnommer van loop

Die reeksnommer van die loop moet in paragraaf C 8.5 aangeteken word.

8.6 Reeksnommer van raam

Die reeksnommer van die raam moet in paragraaf C 8.6 aangeteken word.

8.7 Reeksnommer van romp

Die reeksnommer van die romp moet in paragraaf C 8.7 aangeteken word.

9. Daar moet in paragraaf 9 met 'n X aangedui word of die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging verloor of gesteel is.

10. Beskryf voorval

Die voorval waarin die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging verloor of gesteel is, moet in paragraaf C 10 beskryf word.

11. Datum waarop die verlies of diefstal ontdek is

Die datum waarop die verlies of diefstal van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging ontdek is, moet in paragraaf C 11 aangeteken word.

12. Kennisgewingtyd

Die tyd toe die verlies aangemeld is, moet in paragraaf C 12 aangeteken word.

13. Datum van kennisgewing

Die datum waarop die verlies aangemeld is, moet in paragraaf C 13 aangeteken word.

AFDELING D: BESONDERHEDE VAN DIE HOUER VAN DIE LISENSIE, PERMIT, SERTIFIKAAT OF MAGTIGING

1. BESONDERHEDE VAN NATUURLIKE PERSOON

1.1 SA-Identiteit-/Paspoortnommer

Daar moet met 'n X in paragraaf D 1.1 aangedui word of die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging 'n identiteits-/paspoortnommer het.

2. Identiteitsnommer van natuurlike persoon

Die identiteitsnommer van die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging moet in paragraaf D 2 aangeteken word.

3. Paspoortnommer van natuurlike persoon

Die paspoortnommer van die houer van die lisensie, permit,

sertifikaat of magtiging moet in paragraaf D 3 aangeteken word.

4. Van

Die van van die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging moet in paragraaf D 4 aangeteken word.

5. Voorletters

Die voorletters van die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging moet in paragraaf D 5 aangeteken word.

6. Woonadres

Die fisiese adres waar die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging woon, moet in paragraaf D 6 aangeteken word.

7. Poskode

Die poskode van die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging se woonadres, moet in paragraaf D 7 aangeteken word.

8. Posadres

Die posadres van die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging moet in paragraaf D 8 aangeteken word.

9. Poskode

Die poskode van die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging se posadres, moet in paragraaf D 9 aangeteken word.

10. Telefoonnommer

10.1 Huis: Die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging se huistelefoonnommer, insluitend die skakelkode (byvoorbeeld, (012) 667 1923), moet in paragraaf D 10.1 aangeteken word.

10.2 Werk: Die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging se werktelefoonnommer, insluitend die skakelkode, (byvoorbeeld, (011) 577 5913) moet in paragraaf D 10.2 aangeteken word.

11. Selfoonnommer

Die selfoonnommer (indien van toepassing) van die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging moet in paragraaf D 11 aangeteken word.

12. Faks

Die faksnommer, insluitend die area skakelkode van die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging, moet in paragraaf D 12 aangeteken word.

13. E-posadres

Die e-posadres (indien van toepassing) van die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging, moet in paragraaf D 13 aangeteken word.

14. BESONDERHEDE VAN REGSPERSOON

15. ANDER LIGGAME

16. Geregistreerde naam van maatskappy

Die geregistreerde maatskappynaam van die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging moet in paragraaf D 16 aangeteken word.

17. Handelend as

Die naam waaronder die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging handel dryf, moet in paragraaf D 17 aangeteken word.

18. VWR-nommer

Die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging se registrasienommer moet in paragraaf D 18 aangeteken word.

19. Posadres

Die posadres van die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging moet in paragraaf D 19 aangeteken word.

20. Poskode

Die poskode van die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging se posadres moet in paragraaf D 20 aangeteken word.

21. Besigheidsadres

Die adres waar die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging besigheid doen, moet in paragraaf D 21 aangeteken word.

22. Poskode

Die poskode van die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging se besigheidsadres moet in paragraaf D 22 aangeteken word.

23. Besigheidstelefoonnommer

23.1 Werk: Die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging se werktelefoonnommer, insluitend die skakelkode (byvoorbeeld, (011) 577 5913), moet in paragraaf D 23.1 aangeteken word.

23.2 Faks

Die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging se faksnommer, insluitend die skakelkode (byvoorbeeld, (012) 667 1923), moet in paragraaf D 23.2 aangeteken word.

24. E-posadres

Die e-posadres (indien van toepassing) van die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging, moet in paragraaf D 24 aangeteken word.

25. BESONDERHEDE VAN VERANTWOORDELIKE PERSOON

26. Verantwoordelike persoon (Naam en van)

Die verantwoordelike persoon se naam en van moet in paragraaf D 26 aangeteken word.

27. Soort identifikasie (Merk met ‘n X)

SA-Identiteit-/Paspoortnommer

Die verantwoordelike persoon se soort identiteits-/paspoortnommer moet met ‘n X in paragraaf D 27 aangeteken word.

28. Identiteitsnommer van verantwoordelike persoon

Die verantwoordelike persoon se identiteitsnommer moet in paragraaf D 28 aangeteken word.

29. Paspoortnommer van verantwoordelike persoon

Die verantwoordelike persoon se paspoortnommer moet in paragraaf D 29 aangeteken word.

30. Selfoonnommer

Die selfoonnommer (indien van toepassing) van die verantwoordelike persoon, moet in paragraaf D 30 aangeteken word.

31. Fisiese adres

Die fisiese adres waar die verantwoordelike persoon woon, moet in paragraaf D 31 aangeteken word.

32. Poskode

Die poskode van die verantwoordelike persoon se fisiese adres, moet in paragraaf D 32 aangeteken word.

33. Posadres

Die posadres van die verantwoordelike persoon moet in paragraaf D 33 aangeteken word.

34. Poskode

Die poskode van die verantwoordelike persoon se posadres moet in paragraaf D 34 aangeteken word.

35. VERKLARING DEUR AANMELDER

Indien 'n lisensie, permit of magtiging verlore raak of gesteel word, moet die houer daarvan die Registrateur binne 24 uur van die ontdekking van die verlies of diefstal daarvan in kennis stel.

36. Handtekening van aanmelder

Die handtekening van die aanmelder moet in paragraaf D 36 aangebring word.

37. Naam van aanmelder in drukskrif

Die voorletters en van (in drukskrif) van die aanmelder, moet in paragraaf D 37 aangeteken word.

38. Identiteits-/Paspoortnommer van aanmelder

Die identiteits-/paspoortnommer van die aanmelder moet in paragraaf D 38 aangeteken word.

39. Indien die aanmelder nie die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging is nie, moet die aanmelder se verwantskap met die houer in paragraaf D 39 gestel word.

AFDELING E: VIR AMPTELIKE GEBRUIK DEUR DIE POLISIEBEAMPTE WAT DIE KENNISGEWING VOLTOOI

1. Naam van polisiebeampte in drukskrif

Die voorletters en van (in drukskrif) van die polisiebeampte wat die kennisgewing onderteken moet in paragraaf E 1 aangebring word.

2. Datum

Die datum waarop die polisiebeampte die kennisgewing onderteken, moet in paragraaf E 2 aangeteken word.

3. Rang van polisiebeampte in drukskrif

Die rang (in drukskrif) van die polisiebeampte wat die kennisgewing onderteken moet in paragraaf E 3 aangeteken word.

4. Plek

Die stad/dorp waar die polisiebeampte die kennisgewing onderteken, moet in paragraaf E 4 aangeteken word.

5. Handtekening van polisiebeampte

Die handtekening van die polisiebeampte wat die kennisgewing onderteken moet in paragraaf E 5 aangebring word.

6 Persal-nommer van die polisiebeampte

Die SAPD Persal-nommer van die polisiebeampte wat die kennisgewing onderteken, moet in paragraaf E 6 aangeteken word

AFDELING F: BESONDERHEDE VAN DIE POLISIEBEAMPTE WAT DIE KENNISGEWING OP REKENAAR VASLê

1. Naam van polisiebeampte in drukskrif

Die voorletters en van (in drukskrif) van die polisiebeampte wat die kennisgewing op die Vuurwapenbeheerstelsel vaslê, moet in paragraaf F 1 aangeteken word.

2. Datum

Die datum waarop die polisiebeampte die kennisgewing op die Vuurwapenbeheerstelsel vaslê, moet in paragraaf F 2 aangeteken word.

3. Rang van polisiebeampte in drukskrif

Die rang (in drukskrif) van die polisiebeampte wat die kennisgewing op die Vuurwapenbeheerstelsel vaslê, moet in paragraaf F 3 aangeteken word.

4. Plek

Die stad/dorp waar die polisiebeampte die kennisgewing op die Vuurwapenbeheerstelsel vaslê, moet in paragraaf F 4 aangeteken word.

5. Handtekening van polisiebeampte

Die handtekening van die polisiebeampte wat die kennisgewing op die Vuurwapenbeheerstelsel vaslê, moet in paragraaf F 5 aangebring word.

6 Persal-nommer van die polisiebeampte

Die SAPD Persal-nommer van die polisiebeampte wat die kennisgewing op die Vuurwapenbeheerstelsel vaslê, moet in pargraaf F 6 aangeteken word.